OPVOEDKUNDIGE DIENSTE

REMEDIËRENDE TERAPEUT

Remediërende Onderrig word aangebied deur Claudia Rautenbach en behels individuele hulpverlening in die leerareas waarmee leerders probleme ondervind t.o.v. taal en wiskundige vaardighede asook met die perseptuele vaardighede wat nog nie bemeester is nie, bv. Motoriese vaardighede soos Groot- en Fynmotories, Lees, Sinsbou, Spelling, Taalontwikkeling en Perseptuele Vaardighede

- Voorgrond/agtergrond
- Ruimtelik
- Diskriminasie
- Opeenvolging
- Geheue
- Analise en Sintese: Stadige lees en skryfspoed.
- Leesfoute bv. die i.p.v. dit.
- Letter en syfer omkerings bv. 34 i.p.v. 43, b en d verwarring.
- ukkel met links en regs.
- Sukkel om op lyne te bly wanneer skryf.
- Onseker van posisie van woorde bv. voor/agter/langs/onder ens.
- Sukkel met volgordelikerangskikking.
- Sien nie ooreenkomste en verskille raak nie bv. b/p/d, p/q, f/t, u/n ens. (visueel).
- Sukkel om te onderskei tussen klank wat baie eenders klink bv. v en w (ouditief).
- Verwar letters en nommers met dieselfde vorm bv. h en n, + en x
- Stadige leestempo (hoe stadiger jy lees hoe swakker is begrip).
- Voeg woorde in of laat woorde uit wanneer hy/sy lees.
- Verloor maklik hul plek wanneer lees.
- Foutiewe uitspraak van woorde.
- Lees nie ritmies nie (geen punktuasie).
- Lees baie sag of baie hard.
- Swak leesbegrip.
- Beperkte aandagspan.
- Sukkel om volgorde van opdragte te onthou.
- Sukkel om logies ‘n storie te vertel.
- Sukkel om goeie logiese sinne te skryf.
- Sukkel om volgorde van letters te onthou wanneer hul ‘n woord skryf.
- Sukkel om te onthou wat die oë gesien het (begin dus afkyk), skryf verkeerd van die bord af.
- Sukkel om te onthou wat hy/sy gehoor het.
- Sukkel oor die algemeen met leerwerk.
- Vergeet om klasbenodighede en briewe terug te bring.
- Sukkel met legkaart bou.
- Sukkel om woorde te bou met los letters.
- Sukkel om woorde in lettergrepe te deel.
- Onvermoë om woorde van ‘n sin wat geskommel is weer bymekaar te voeg.
- Sukkel om die geheel te visualiseer, dus sukkel hul om op bladsy te beplan.
- Sukkel om woorde te klank.
- Sukkel om woorde se begin-, middel- en eindklank te identifiseer.